Hoofstuk 19 Maria / Surah Maryam

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Kaf, Ha Ya, 'Ain, Sad

Die verhaal van Sagaria se gebedsversoek vir 'n seun

2. Hierdie is 'n verslag oor die genade van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan Sy dienskneg Sagaria,

3. toe Sagaria stilletjies tot Sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer gebid het.

4. Sagaria het gebid: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hier is ek voor U met ou en verswakte bene, en my kop het grys geword van ouderdom, terwyl ek nooit, My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, onbeantwoord in my gebede tot U, gebly het nie."

5. Ek is bekommerd oor wat my familie en opvolgers na my gaan doen, en my vrou is onvrugbaar: so seën my met 'n erfgenaam uit U self,

6. wie van my kan erf en die huis van Jakob kan erf. En maak hom, O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, 'n mens met wie U tevrede sal wees.

7. Toe antwoord Allah: "Sagaria, Ons gee aan jou die goeie nuus dat jy 'n seun sal hê wie se naam Johannes sal wees. Ons het aan niemand voor hom dieselfde naam gegee nie."

8. Daarop vra Sagaria: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hoe sal daar 'n seun vir my kom terwyl my vrou onvrugbaar is, en ek so baie oud is?"

9. Allah sê toe: "So is dit: jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sê: 'dit is maklik vir My, en ek het jou voorheen geskape, toe jy nog niks was nie.'"

10. Daarop vra hy toe: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee vir my 'n teken dat dit so sal wees." En Hy antwoord: "Jou teken is dat jy vir drie opeenvolgende nagte nie in staat sal wees om met mense te praat nie, alhoewel jy heeltemal gesond is."

11. Daarop het Sagaria uit die plek waar hy gebid het uitgegaan, na buite toe, en vir hulle met handgebare aangedui om die reinheid van Allah soggens en saans te verkondig deur Allah voortdurend te loof en te prys.

12. En toe die kindjie gebore is, het Allah vir hom gesê: "Johannes, jy moet die Wetboek van Moses goed bestudeer en daarvolgens lewe." En Ons het aan hom wysheid gegee toe hy nog 'n kind was,

13. en hom liefgehad en aan hom reinheid gegee: en Johannes het 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad,

14. en hy was goed vir sy ouers en nie arrogant of ongehoorsaam nie.

15. Vrede vir hom tydens sy geboortedag, die dag as hy sterwe en die dag as hy uit die dood opgewek sal word.

Die verhaal van Maria se swangerskap met Jesus

16. En vertel in die Koran die verhaal van Maria, toe sy haarself van haar mense onttrek het na 'n plek aan die oostekant van die huis,

17. en 'n skeiding opgesit het sodat hulle haar nie kon sien nie. Toe het Ons aan haar Ons Gees gestuur wat voor haar in alle opsigte die vorm van 'n mens aangeneem het, juis sodat sy nie sou skrik as sy die engel sien, nie.

18. Wantrouig oor die intensies van die vreemde man wat skielik in haar privaat ruimte verskyn, sê sy toe: "Ek soek beskerming in die Alomgenadige, teen jou of jy nou 'n heilige ontsag en respek vir Allah het of nie."

19. Hy sê toe vir haar: "Ek is maar net 'n boodskapper van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer af, om vir jou te sê dat Hy vir jou 'n rein seuntjie, te gee."

20. Daarop antwoord sy die engel en sê: "Hoe sal ek 'n seuntjie hê as geen man nog aan my geraak het nie en ek ook nie rondgeslaap het nie?"

21. Die engel sê toe: "So is dit: jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sê: 'Dit is maklik vir my om jou swanger te laat word, sodat dit as boodskap en bewys van die almag van Allah kan dien vir die mense en 'n genade van Ons af. En dit is iets wat bestem is om te gebeur.'"

22. So het sy toe swanger geraak met Jesus en haarself afgesonder in 'n afgeleë plek.

23. Terwyl die kraampyne haar toe van ongemak laat ronddwaal, het sy by die stam van 'n palmboom uitgekom. Sy sê toe: "As ek tog maar gesterf het voordat hierdie ding met my gebeur het, dan was ek nou iets wat al vergete geraak het."

Allah voorsien haar van water en kos

24. Toe roep hy haar van onder af: "Moenie hartseer wees nie. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer het 'n stroompie water, net so onderkant jou laat ontspring."

25. En skud die stam van die palmboom na jou kant toe, sodat die ryp vars dadels op jou kan val.

26 So eet, drink en was jou gesig sodat jy sommer verfris kan voel. As jy dan enige mens sien, sê vir hom: "Ek het 'n eed geneem om te vas van praat en stil te bly vir die Alomgenadige en sal daarom vandag glad nie met enige mens praat nie."

Maria keer terug na haar mense toe

27. Daarna het sy teruggegaan na haar mense toe met die baba in haar arms. Hulle verwyt haar toe en sê: "Ag nee Maria, jy kom nou hier aan met 'n verskriklike verkeerde ding.

28. Jy is tog in geloof Aaron se suster omdat jy op dieselfde manier as hy aanbid: jou Pa was nie 'n sondige man nie en jou Ma was nie 'n vrou van losse sedes nie, wat is dit nou die?"

29. Maria wys toe net na die baba sonder om 'n woord te sê. Hulle vra toe: "Hoe moet ons met met iemand kommunikeer wat nog 'n kindjie in 'n wiegie is?"

Die babatjie Jesus aan die woord

30. Daarop praat die babatjie met hulle en sê: "waarlik, ek is die dienskneg van Allah. Hy het aan my die Boek gegee en my 'n profeet gemaak,

31. en Hy het my 'n geseënde mens gemaak, waar ek ook al sal wees, en verwag ook van my om te Aanbid en die Armebelasting te gee vir solank as wat ek leef,

32. en Hy het my goed teenoor my Moeder gemaak en het my nie 'n arrogante onderdrukker gemaak of iemand wat ongeseënd is nie.

33. En ek met vrede gebore en sal met vrede sterwe, soos wat ek met vrede uit die dood opgewek sal word tydens die Opstandingsdag."

Die voortdurende gestry of Jesus die seun van God is

34. Mohammed, dit is dan die verhaal van Jesus, die seun van Maria wat Ons aan jou vertel het: en die waarheid waaroor daar so gestry word.

35. Dit is benede Allah dat Hy 'n seun sal hê. Rein is Hy. Wanneer Hy op iets besluit dan sê Hy eenvoudig: "Wees" en dit kom tot stand.

36. En Allah is verseker my Skepper, Voorsiener en Onderhouer en jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So dien en aanbid hom. Dit is die reguit weg*. (*K15:41)

37. Toe het die verskillende groeperings onder hulle begin stry. So, jammer vir die ongelowiges, want hulle sal getuies wees van die Groot Dag.

38. Hoe goed sal hulle, die Veelgodedienaars en die Ongelowiges in die Enigheid van Allah, nie kan hoor en hoe sal hulle nie kan sien*, op die dag wanneer hulle na Ons toe sal kom, nie! Vandag egter, is hierdie oortreders duidelik verkeerd. (*K50:22)

39. En waarsku hulle teen die Dag van Berou, die Oordeelsdag, wanneer hierdie hele ding uitgeklaar sal word, terwyl hulle nou agtelosig is en nie glo nie.

40. Waarlik, Ons en Ons alleen sal uiteindelik die aarde besit en almal wat daarop is, en na Ons toe sal hulle teruggebring word.

Die verhaal van Abraham wat by sy Pa pleit

41. En verwys in die Koran na die verhaal van Abraham. Hy was inderdaad 'n man van waarheid, 'n profeet,

42. toe hy vir sy Pa gesê het: "My liewe Pa, hoekom dien en aanbid Pa iets wat nie hoor of sien nie, en nie vir Pa op enige manier help

nie?

43. My liewe Pa, daar het inderwaarheid aan my inligting bekend geraak wat nie aan Pa bekend is nie, volg my en ek sal Pa na 'n reguit weg lei.

44. My liewe Pa, moenie die Satan dien en aanbid nie. Die Satan is in opstand en rebelleer teen die Alomgenadige.

45. My liewe Pa, ek is so bang dat een of ander straf vanaf die Alomgenadige Pa sal tref, en dat Pa 'n volgeling van die Satan sal word."

Maar Abraham se Pa steek hom summier in die pad

46. Daarop antwoord Abraham se Pa vies: "Abraham, is jy onwillig om my gode te erken en te respekteer? As jy nie nou dadelik daarmee ophou nie, sal ek jou summier met klippe doodgooi. Loop nou dadelik uit my huis uit en jy kom nooit weer terug nie."

Abraham bly egter hoflik, bedagsaam en verdraagsaam

47. Abraham sê toe baie hoflik om nie sy Pa se gevoelens verder seer te maak nie: "*Vrede vir Pa. Ek sal vir my Skepper, Voorsiener en Onderhouer vra om Pa te vergewe**. Hy was nog altyd baie genadig teenoor my. (*K25:63) (**K60:4)

48. En ek gaan dan nou weg van Pa af en van dit wat Pa naas Allah aanroep. En ek sal my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aanroep. Hopelik sal ek nie 'n verloorder wees deur my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan te roep nie."

49. So, toe Abraham weggaan van sy Pa-hulle af en van dit wat hulle naas Allah aanbid het, het Ons Abraham geseën met Isak en Jakob en hulle beide profete gemaak.

50. En Ons was hulle baie genadig en het gemaak dat hulle 'n goeie naam gehad het wat oral bekend en gerespekteerd geraak het.

Die verhaal van Moses

51. En vertel ook in die Koran die verhaal van Moses. Hy was ook uitgekies en was 'n boodskapper en profeet.

52. En Ons het hom geroep van die regterkant van die berg Sinai, en Hom naby aan Ons getrek sodat Ons in die geheim kon gesels.

53. En uit genade het Ons hom sy broer Aaron as profeet toegelaat.

Die verhaal van Ismael

54. Vertel ook in die Koran die verhaal van Ismael. As hy iets belowe het dan het hy dit gedoen, en hy was 'n boodskapper en profeet.

55. Hy het ook sy familie beveel om getrou te Aanbid en om die Armebelasting te betaal. En hy was 'n gunsteling van sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer.

Die verhaal van Henog

56. En vertel in die Koran ook die verhaal van Henog. Hy was inderdaad 'n man van waarheid, 'n profeet.

57. En Ons het hom verhoog deur aan aan hom 'n besondere plek onder die profete te gee en naby aan Onsself te hou.

Die spesiale manne wat deur Allah gelei en uitgekies was

58. Dit dan is die mense wie Allah met oorvloed geseën het, die profete wat uit die nageslag van Adam gekom het, en uit die nageslag van diegene wat Ons saam met Noag aan boord van die Ark geneem het en van die nageslag van Abraham en Israel en van diegene wat ons gelei en uitgekies het. Wanneer die verse van die Alomgenadige aan hulle voorgedra word, dan val hulle huilend laag op die grond in aanbidding neer.

59. Toe, is hulle opgevolg deur nageslagte wat toegewyde Aanbidding verlore laat gaan het en hulle eie begeertes nagejaag het. So hulle sal binnekort die nagevolge van hulle eie afvalligheid,

60. behalwe vir diegene wat berou het en glo en goeie dade doen, en daarom die Paradys sal binnegaan en in geen opsig benadeel sal word nie...

61. ...die Paradys met die Tuine wat vir ewig sal hou, wat deur die Alomgenadige aan Sy diensknegte belowe is, en in die ongesiene wêreld is. Sy belofte gaan verseker waar word.

62. Daar sal hulle geen praatjies hoor wat vuil, vals, sondig en waardeloos is nie: net toewensings van vrede, en daar sal hulle soggens en vroeg saans voorsien word van lewens middele.

63. Dit is die Paradys wat Ons as erfporsie sal gee aan diegene van Ons diensknegte wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het.

64. Toe het die Heilige Gees vir die Profeet gesê: "Ons kom nie af nie behalwe in opdrag van ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Aan Hom behoort dit wat voor ons is en wat agter ons is, asook dit wat tussenin dit is. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is nie die een wat vergeet nie...

65. ... die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde en wat daar tussenin is. So, aanbid en dien hom en volhard in die aanbidding van Allah. Ken jy enigiets of enigiemand wat Sy Naam werd is?"

66. En die ongelowige mens sê: "Wil jy vir my vertel dat wanneer ek dood is ek weer lewendig gemaak sal word?"

67. Onthou die ongelowig mens dan nie dat Ons hom voorheen geskape het toe hy nog niks was nie?

68. Sowaar as jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, Ons gaan hulle verseker bymekaarmaak saam met die duiwels, en dan sal ons hulle by die Hel bring en op hulle knieë laat neerval.

69. Dan sal ons verseker uit elke groep diegene haal wat meer opstandig is teen die Alomgenadige.

70. En dan natuurlik, is Ons deeglik bewus van diegene wat die verdien om in die Hel in te gaan.

71. Daar is egter niemand onder julle wat nie by die Hel sal aandoen nie. Hierdie is 'n saak waaroor julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer reeds besluit het, en wat sal gebeur.

72. Dan sal ons diegene red wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het, maar die sondaars, diegene wat verkeerd gedoen het, die sal ons daarin los, neergeval op hulle knieë.

Die welgesteldes sien neer op die verse van die Koran

73. En wanneer Ons verse aan hulle voorgedra word, so duidelik soos kan kom, dan sê die heidene onder die Koreisj wat nie glo nie, en wat welgesteld is, vir die volgelinge van die Profeet wat glo, en wat arm is: "Hoe lyk dit vir julle: wie is beter daaraan toe en in 'n beter posisie om raad en advies uit te deel, ons of julle?"

74. Hoeveel geslagte voor hulle, wat selfs beter was ten opsigte van bates en vooruitsigte, het Ons nie vernietig nie!

75. Mohammed sê vir hulle: "Wie ook al aanhou om af te dwaal , laat sy tyd verleng word deur die Alomgenadige totdat hulle sal sien waarteen hulle gewaarsku word: of straf of die Uur van Verdoemenis, wanneer hulle sal weet wie inderwaarheid slegter daaraan toe was ten opsigte van plek en swakker ten opsigte van hulle magte."

76. Allah laat diegene wat op die regte weg is, toeneem in leiding. Die ewigdurende deugde en goeie dade is beter by jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer ten opsigte van beloning en belegging.

Die verhaal van die selfversekerde 'As

77. Het julle toe die een gesien wat Ons verse verwerp het en gesê het: "Ek gaan verseker rykdom en kinders gegee word wanneer ek weer lewendig word na die dood, en sal dan eers my lening by Kabab terugbetaal?"

78. Het hy miskien 'n kykie gekry in die ongesiene of 'n Ooreenkoms van die Alomgenadige verkry?

79. So nooit as te nimmer! Ons sal neerskryf wat Hy sê en vir hom die straf uitermate verleng.

80. En wanneer hy sterf, sal Ons alles waarvan Hy praat van hom erf, en hy sal na ons terugkom, heeltemal alleen.

81. En hulle het ander gode naas Allah vir hulleself gekry sodat daardie gode in ruil vir hulle aanbidding, verering en verheerliking aan hulle beskerming kan verleen.

82. So nooit as te nimmer! Daardie selfde gode sal sommer binnekort hulle aanbidding verwerp en net mooi die teenoorgestelde van beskerming aan hulle bied wanneer die gode met die Oordeelsdag nog teen hulle aanbidders getuig ook*. (*K46:6)

83. Het julle nie gesien hoe dat Ons die duiwels op die ongelowiges neergestuur het om hulle op te stook en te mislei om sonde te doen nie.

84. So, moenie haastig met hulle wees nie: Ons laat die tyd teen hulle stadig uitloop.

Bemiddeling

85. Op die dag wanneer Ons diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, sal bymekaarmaak voor die Alomgenadige as gaste,

86. en die dorstige sondaars sal aanjaag in die rigting van die Hel soos wat mens beeste aanjaag water toe,

87. op daardie dag sal hulle geen toegang hê tot enige bemiddeling of iemand wat vir hulle voorspraak kan maak nie: behalwe vir diegene wat so 'n onderneming van die Alomgenadige verkry het.

Die walglikste bewering dat Allah vir Homself 'n seun verwek het

88. En hulle sê: "Die Alomgenadige het vir Homself 'n seun verwek en dat Jesus die "eniggebore seun*" van Allah is." (*Bybel: Johannes 1:18, 3:16&18, en 1Johannes 4:9)

89. Julle het inderdaad met iets wat so walglik, verfoeilik en afskuwelik is na vore gekom,

90. dat die hemele op die punt staan om daarvan te ontplof en die aarde om te bars en die berge al krummelend wil omval,

91. want hulle het 'n seun aan die Alomgenadige toegeskryf,

92. terwyl dit nie pas by die waardigheid van die Alomgenadige om 'n seun te verwek nie.

93. Daar is niemand in die hemele en op die aarde wat nie as 'n dienskneg na Allah toe kom nie: almal is diensknegte van Allah.

94. Hy weet alles van almal af en het hulle getalle presies bereken,

95. en elkeen van hulle is bestem om na Hom toe te kom tydens die Oordeelsdag, heeltemal alleen.

96. Waarlik, diegene wat glo en goeie dade doen, vir hulle sal die Alomgenadige liefde bewerk in die harte van die gelowiges.

97. Mohammed, so het Ons dit dan vir jou maklik oordraagbaar gemaak deur die Koran vir jou in jou eie taal* te gee, sodat jy in jou eie taal die goeie nuus kan oordra aan diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, en ook die mense wat aanhoudend met jou verskil oor wat die waarheid is, kan waarsku. (K14:4)

98. En hoeveel geslagte voor hulle het Ons nie vernietig nie. Kan jy nog enigiemand van daardie mense sien, of hoor jy selfs net 'n fluistering van enigeen van hulle?

O my Allah,
dankie dat ek ook U Goeie Nuus,
die Koran,
in my eie taal kan lees en beleef.
Alle lof kom Allah toe!